

# LAERSKOOL BEKKER PRIMARY

Private Bag X5003  
Magaliesburg  
1791

Hoof / Principal  
W.C. Potgieter



☎ 014 577 1129  
✉ [info@lsbekker.co.za](mailto:info@lsbekker.co.za)  
🌐 [www.lsbekker.co.za](http://www.lsbekker.co.za)

29 Januarie 2021

Beste Ouers

Ons wil graag die volgende onder u aandag bring.

Ons het die volgende geimplimenteer by die skool om u kind se veiligheid te verseker tydens die terugkeer van die hele skool vir die nuwe jaar.

1. Geen toegang sonder 'n masker nie.
2. Elke leerder se temperatuur sal twee keer per dag geneem en aangeteken word.
3. Indien 'n leerder siek voel, sal 'n aangewese personeel die leerder vergesel na die isolasiekamer waar hulle deurlopend gemonitor sal word totdat die ouers hulle kom haal. Ouers sal onmiddellik gekontak word.
4. Elke leerling sal in 'n klaskamer ingedeel word.
5. Klasse is ingedeel om te verseker dat COVID protokol gehandhaaf word.
6. Elke leerder sal sy eie spasioe toegeken word in die klaskamer. Elke tafel het 'n skerm.
7. Leerders bly in die klasse net die onderwysers wissel klasse.
8. Elke klas het hul eie area vir pouse en sal deurlopend gemonitor word deur personeel.
9. Leerders se hande word elke keer gesaniteer voordat hulle die klas binnegaan.
10. Kleedkamers word na elke pouse gedisinfecteer. Die fasiliteite word deurlopend gemonitor.
11. Klasse word elke middag gedisinfecteer.
12. Leerders ontvang COVID 19 oriëntering deur middel van 'n video en hul onderwyser.
13. Leerlinge sal daagliks aan die vyf COVID 19 reëls herinner word.
14. Etenstye in die koshuis word opgedeel in groepe om te voldoen aan COVID regulasies.
15. Net 'n beperkte aantal leerlinge sal gelyktydig in die kleedkamers toegelaat word hetsy in die skool/koshuis. Dit sal streng nagekom word.
16. Maandag en Woensdag word skooldrag gedra. Dinsdag en Donderdag 'Civies' en Vrydag dra ons Vrydaghemde.

17. 'n Kaartstelsel word ingestel by die snoepwinkel. Daar sal drie snoepwinkel areas beskikbaar wees. Ouers sal 'n spyskaart per week vooruit ontvang.

Ons poog om u kind te alle tye veilig en gesond te hou. U sal 'n google vorm ontvang waarin u vir ons insette kan lewer, as deel van ons Bekker familie.

Voltooi asseblief die vorm en reflekteer u ware gevoelens oor hoe u voel om u kind terug te stuur skool/koshuis toe.

### **PROSEDURE – KOSHUIS (14 FEBRUARIE 2021)**

Die koshuis kinders arriveer 14 Februarie op die volgende gestipuleerde tye:

- Prefekte : 09:00 – 10:00
- Graad 7 : 10:00 – 11:30
- Graad 6 : 11:30 – 13:00
- Graad 5 : 13:00 – 14:30
- Graad 4 : 14:30 – 16:00
- Graad 1 – 3 : 16:00 – 17:00

Maak seker dat u by bogenoemde tye hou. Ouers met 'n kind in die junior sowel as die senior fase, kan tydens enige een van die tye registreer. All dokumentasie wat saam met die rapporte en via eposse gestuur is, moet voltooi word en ingedien word tydens registrasie. Indien u nie die rapport kom afhaal het nie, (Koshuisleerlinge sowel as Dagskoliere) kan u dit nou doen voor of op 12 Februarie tussen 08:00 en 13:00.

1. Meld aan by die hek (OUERS EN LEERLINGE)
2. Voltooi die COVID vorms
3. Gaan na die parkeerarea
4. Volg die aanwysings na die kantoor. Alle COVID regulasies sal nagekom word.
5. Geen ouers word in die koshuis toegelaat nie.

### **PROSEDURE – DAGSKOLIERE**

#### **PREFEKTE ARRIVEER 07:00**

1. Hek open om 06:45
2. Oud leerlinge (Gr 2 – 7)
  - a) Gaan na aflaai areas
  - b) Leerlinge gaan na area waar skandering sal plaasvind
  - c) Graad 4 – 7 leerlinge gaan na die vierkant voor die saal
  - d) Alle leerlinge moet teen 07:30 by die skool wees

## **GRAAD EEN EN NUWE LEERLINGE**

1. Ouers mag hulle kinders vergesel na die aangewese areas om 08:00 (NIE VOOR DIE TYD NIE, AGV COVID REGULASIES)
2. Meld aan by die hek
3. Voltooi COVID vorms
4. Gaan na aangewese parkeerarea
5. Volg die aanwysings tekens

## **SKOOLFONDS**

Ons versoek ouers om sover moontlik van elektroniese oorbetalings gebruik te maak. Dit sal ons help om aan COVID regulasies te voldoen.

1. Skoolfonds moet betaal word vanaf Januarie – November  
Maandelikse Bedrag : R1 055.00
2. Koshuis  
Januarie 60 % = R3 092.00 (Sluit skoolfonds in)  
Februarie – November 100 % = R4 450.00 (Sluit skoolfonds in)
3. Die herregistrasievorms moet deur koshuis ouers voltooi word en op 14 Februarie ingedien word.
4. Subsidievorms vir dagskoliere sal vanaf 15 Februarie beskikbaar wees. Ouers moet by die skool kom teken vir die vorms en 'n onderhoud met die hoof sal geskeduleer word.
5. Aansoeke vir subsidies sal op 22 Februarie sluit en alle vorms moet terug wees by die skool.
6. Aansoeke sal verwerk wees teen 22 Maart en die uitkoms sal gedurende daardie week aan u gegee word.

## **GEDRAGSKODE**

1. Lees die gedragskode wat beskikbaar is op die webtuiste van die skool ([www.lsbekker.co.za](http://www.lsbekker.co.za)) asook op D6. Daar sal ook 'n harde kopie by die skool beskikbaar wees vir insae.
2. Op 14 Februarie sal die koshuis ouers 'n strokie teken om te bevestig dat u dit gelees het en daarmee saamstem. Die dagskoliere se ouers sal op 15 Februarie die strokie teken.
3. Die Desember rapport moet deur ouers onderteken word en nie later as 21 Februarie teruggestuur word na die skool toe nie.